# Moenie bang wees nie !



**bybelgenootskap**
van suid-afrika

## Ek is by jou ...

Almal is soms bang – dit maak nie saak hoe dapper of volwasse jy is nie. Ons lê snags wakker en bekommer ons oor allerhande gevare wat ons kan teëkom. Dikwels verwag ons die ergste, tog stel God ons op talle plekke in sy Woord gerus:

Moenie bang wees nie, Ek is by jou,
moenie bekommerd wees nie,
    Ek is jou God.
Ek versterk jou, Ek help jou,
    Ek hou jou vas,
met my eie hand red Ek jou.

Jesaja 41:10

“Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie.

“Is twee mossies nie vir ’n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie. Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel. Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies.”

Matteus 10:28a,29

## Die Bybel verseker ons van God se troue liefde en sorg

Die Here is my lig
    en my redder,
vir wie sou ek bang wees?
Die Here is my toevlug,
vir wie sou ek vrees?

Psalm 27:1

***Alle Skrifgedeeltes geneem uit die Afrikaans 1983-vertaling.**

Moenie skrik nie,
moenie bang wees nie!
Het Ek dit nie van lankal af
aan julle verkondig,
dit vir julle gesê nie?
Julle is my getuies:
is daar 'n God buiten My?
Daar is geen ander Rots nie;
Ek weet van geeneen nie.
Jesaja 44:8

## Die Bybel verseker ons van God se goedheid

Here, u liefde reik tot in die hemel,
u trou tot in die wolke,
u geregtigheid tot op
die hoogste berge,
die reg wat U spreek,
tot in die dieptes van die see.
U sorg vir mens en dier, o Here.

Hoe kosbaar is u trou, o God!
U beskerm die mense wat by U skuil.
In u huis geniet hulle oorvloed,
U laat hulle drink uit die strome
van u goedheid.
U is die bron van die lewe,
deur u lig lewe ons.
Laat u liefde bly by dié wat U erken
en u trou by dié wat opreg is.
Psalm 36:6-11

Die Here is getrou; Hy sal julle versterk
en julle van die Bose bewaar.
2 Tessalonisense 3:3

"Die Here sal julle seën
en julle beskerm;
die Here sal tot julle redding verskyn
en julle genadig wees;
die Here sal julle gebede verhoor
en aan julle vrede gee!"
Numeri 6:24-26

Uitgegee en versprei deur die
Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
**www.bybelgenootskap.co.za**

BibleSA.co.za
BibleSA
Bybels en Oudiobybels is op die
**BibleSA-app** beskikbaar.